

Verkorte Presidentsrede tydens die twee-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders

Inleiding

Gedurende die afgelope jaar het die Suid-Afrikaanse Reserwebank weer talle uitdagings in die gesig gestaar. Ek is egter bly om te kan sê dat die Bank, net soos by vorige geleenthede, hierdie uitdagings suksesvol die hoof gebied het. Hoewel veld verloor is met die bekamping van inflasie weens eksogene skokke wat die ekonomie nadelig beïnvloed het, is die nodige stappe gedoen om die inflasiekoers nader aan die mikpuntgrense te bring. 'n Tydperk van konsolidasie in die bankstelsel is doeltreffend hanteer om voortgesette finansiële bestendigheid in die land te verseker. Aandag is aan die bankstelsel se regulatoriese struktuur gegee om die voortgesette beskerming van die fondse van deposante en die suksesvolle intermediasie van besparing te verseker. Die doeltreffendheid en doelmatigheid van interne administratiewe prosedures is verder verbeter en merkbare vordering is gemaak met die transformasie van die Bank se personeel om die bevolkingsamestelling van die land beter te weerspieël.

Jongste ekonomiese ontwikkelings

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het ook goed presteer te midde van 'n vinnig veranderende politieke en ekonomiese wêreld. Die Reserwebank se Jaarlikse Ekonomiese Verslag wat vanoggend vrygestel is, gee 'n omvattende oorsig van die jongste ekonomiese ontwikkelings in Suid-Afrika. In my rede wil ek dus slegs die volgende ontwikkelings beklemtoon:

In pas met die meeste ander ontlukende markvolkshuishoudings, is Suid-Afrika aansienlik geraak deur die aanvalle op die Verenigde State van Amerika gedurende September 2001, die onsekerhede wat dit op die politieke terrein en in die sakewêreld geskep het, oliepryse wat op betreklik hoë vlakke gebly het en die aansienlike verlansaming in internasionale ekonomiese bedrywighede. Die belangrikste uitwerking van hierdie ontwikkelings op Suid-Afrika was dat dit merkbaar tot die onbestendige eksterne waarde van die rand bygedra het. Terwyl die waarde van die rand in die eerste ses maande van 2001 betreklik bestendig was, het die nominale effektiewe wisselkoers in die tweede helfte van 2001 met nagenoeg 34 persent gedaal.

Faktore wat tot die depresiasie in die waarde van die rand bygedra het, het ingesluit 'n swak uitvoerprestasie en 'n skerp toename in invoerprodukte en dividendbetalings aan nie-inwoners. Die gevolglike tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het met 'n netto uitvloeiing van portefeuljekapitaal gepaard gegaan. Hierdie kapitaaluitvloeiing was die resultaat van 'n persepsie dat die beleggingsrisiko's in ontlukende markvolkshuishoudings verhoog het, die probleme wat eers deur Argentinië en later ook deur Brasilië ondervind is, onbestendigheid in Zimbabwe, en ongegronde verwagtings dat deviesebeheer in Suid-Afrika binnekort verslap sou word. Institusionele beleggers het uiteindelik die toekomstige buitelandse waarde van die rand as 'n eenrigtingweddenskap begin beskou,

uitvoerders het die repatriasie van hul uitvoerverdienste uitgestel en invoerders het binnelandse bo buitelandse finansiering verkies. Die gevolg was dus 'n tipiese spekulatiewe navolgingseffek.

Nadat die owerhede die mark deur middel van 'n verklaring op 20 Desember 2001 aan die kerngesonde binnelandse ekonomiese toestand herinner het en dit duidelik geword het dat die wisselkoers van die rand oorreageer het, is hierdie hele proses omgekeer. Terselfdertyd het die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans hoofsaaklik weens 'n afname in dividendbetalings aan die res van die wêreld en 'n toename in uitvoer 'n oorskot begin toon. Dit het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand laat herstel tot 'n vlak wat op 31 Julie 2002 sowat 27 persent laer as die vlak aan die begin van 2001 was.

Die groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie het die ekonomiese verlangsaaming in die wêreld gedurende die tydperk onder beskouing verbasend goed weerstaan. Ten spyte van 'n gelyktydige afname in die groeikoerse van die meeste van ons vernaamste handelsvennootlande, het die groeikoers in die reële bruto binnelandse produk slegs matig van 3,4 persent in 2000 tot 2,2 persent in 2001 en 2,3 persent in die eerste helfte van 2002 verlangsaam. Die positiewe groei in produksie in 'n tydperk van swak internasionale ekonomiese toestand kan aan 'n volgehoue sterk binnelandse vraag na goedere en dienste toegeskryf word. Na 'n afname in die tweede helfte van 2001, het die hoeveelheid goedere uitgevoer ook gedurende die eerste helfte van 2002 begin styg.

Soos te midde van die sterk binnelandse vraag na finale goedere en dienste verwag kon word, het besparing in Suid-Afrika op

'n lae vlak gebly. Bruto besparing in verhouding tot die bruto binnelandse produk het gedurende die afgelope vyf jaar tussen 15 en 16 persent bly wissel. Hierdie verhouding is té laag om die groeikoers te finansier wat die land nodig het om voldoende werkgeleenthede te skep.

Suid-Afrika se bestendige groeiprestasie het met 'n merkbare verhoging in arbeidsproduktiwiteit gepaard gegaan. Terwyl die reële produksie per werker in die sektore buite die landbou in die tydperk vanaf 1985 tot 1995 teen slegs ongeveer 1 persent per jaar gegroei het, het dit vanaf 1995 tot die eerste helfte van 2002 teen 'n gemiddelde jaarkoers van bykans 4½ persent gestyg. 'n Toename in produksie sowel as laer indiensname in die formele sektor het tot die verhoogde arbeidsproduktiwiteit bygedra. Meer as een miljoen werkgeleenthede het sedert die hoogtepunt van die indiensnemingsiklus in 1989 verlore gegaan. Werkloosheid bly dus die land se vernaamste ekonomiese probleem.

Monetêre beleid

Na die toepassing van 'n betreklik neutrale monetêre beleid gedurende 2000 en die eerste helfte van 2001, is monetêre beleid vanaf die middel van 2001 deur die Reserwebank verslap. Die terugkoopkoers is op 15 Junie 2001 met 100 basispunte en op 20 September 2001 met 'n verdere 50 basispunte verlaag. Daar is op hierdie monetêre beleidstand besluit omdat die meeste binnelandse faktore gunstig vir die bekamping van inflasie gebly het. Geen tekens van hoër inflasie weens die swakker wisselkoers was sigbaar nie. Inflasieverwagtings het trouens afgeneem, nominale arbeids-eenhedskoste het slegs matig gestyg en die groei in die geldvoorraad het verlangsaam. Die olieprys het wêreldwyd gedaal, internasionale ekonomiese

bedrywigheid het begin verlangsam en rentekoerse is skerp verlaag. Die groeikoers oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks uitgesluit rentekoste op verbande (VPIX) is omgekeer en het tot 5,8 persent in September 2001 gedaal.

Twee belangrike ontwikkelings het die Reserwebank daarna genoop om die monetêre beleidstand te heroorweeg. Eerstens het die Minister van Finansies inflasiemikpunte vir die drie jaar na 2002 aangekondig. Vir 2003 is die mikpunt vir die jaarlikse gemiddelde koers van toename in die VPIX onveranderd op 3 tot 6 persent gelaat, maar die mikpuntgrense vir die volgende twee jaar is na 'n gemiddeld van tussen 3 en 5 persent verlaag.

Tweedens het die buitelandse waarde van die rand in September skerp begin depresieer. Inflasionêre druk het gevolglik in die laaste kwartaal van 2001 begin opbou. Voedselprysstygings het aanvanklik die meeste tot die hoër inflasie bygedra. Daarna het die styging in verbruikerspryse oor 'n wyer front uitgekring. Die laer waarde van die rand het hoër pryse tot gevolg gehad, en die koers van toename in die VPIX oor twaalf maande het opwaarts begin beweeg van die sielkundig belangrike vlak van laer as 6 persent in September 2001 tot 9,9 persent in Julie 2002.

Die Bank se eerste reaksie op die toenemende inflasiedruk was om vroeg in Januarie 2002 'n ongeskeduleerde vergadering van die Monetêre Beleidskomitee te belê. Hoewel die werklike impak van die laer waarde van die rand op inflasie nog nie op daardie tydstip duidelik was nie, het 'n aantal ontwikkelings daarop gedui dat dit waarskynlik raadsaam sou wees om monetêre beleid te verskerp. Hierdie ontwikkelings het onder meer die

ommekeer in die afwaartse neiging van oliepryse, aanduidings van blywend hoër inflasieverwagtings, hoër looneise, 'n vinniger koers van toename in arbeidseenheidskoste en aansienlike stygings in die geldvoorraad en bankkredietverlening ingesluit. Teen hierdie agtergrond het die Monetêre Beleidskomitee besluit om die terugkoopkoers met 100 basispunte te verhoog.

Tydens die Monetêre Beleidskomitee se vergaderings in Maart en Junie is monetêre beleid verder verskerp. Die terugkoopkoers is by albei geleenthede met 100 basispunte verhoog, wat die koers op 14 Junie 2002 op 12,5 persent te staan gebring het. Teen Maart was dit duidelik dat die depresiasie van die rand inflasieverwagtings nadelig beïnvloed het. Verdere rede tot kommer was die volgehoue hoë groeikoers van die geldvoorraadgroothede en bankkredietverlening, die stand van die betalingsbalans en die opwaartse neiging in arbeidseenheidskoste. Teen Junie was dit duidelik dat die opwaartse neiging in inflasie en inflasieverwagtings sy stukrag behou het en dat die groeikoers van arbeidseenheidskoste en geldvoorraadontwikkelings steeds ongunstig was.

Gegewe die beperkende monetêre beleid, toon die Bank se jongste vooruitskattings dat die inflasiemikpunt vir 2003 behaal kan word, mits daar nie verdere onvoorsiene negatiewe skokke is nie. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename in die VPIX gaan waarskynlik naby aan die boonste grens van die mikpunt wees, en die risiko vir die vooruitskating lê aan die bokant. Dit lyk dus onwaarskynlik dat monetêre beleid in die nabye toekoms verslap sal word.

Hoewel die huidige monetêre beleidstand as negatief vir korttermyn groei en werkskepping beskou kan word, moet só 'n siening vergelyk word met die

alternatief van selfs hoër rentekoerse in die toekoms indien inflasie nie onder beheer gebring word nie. Voorts behoort die belastingtoegewings wat in die jongste begroting toegestaan is, besteding aan te help, terwyl die aansienlike depresiasie in die buitelandse waarde van die rand waarskynlik gunstig vir produksie, veral dié van uitvoergoedere, sal wees.

Wisselkoersbeleid

Soos voorheen gemeld is, is die rand steeds negatief deur gebeure in ontluikende markte geraak. Die Reserwebank steun derhalwe die regering se beleid dat die oorblywende deviese-beheerregulasies liefs baie geleidelik verslap moet word.

Hoewel vraag-en-aanbod-toestande in die mark vir buitelandse valuta grootliks toegelaat word om die wisselkoers van die rand te bepaal, bly dit die Bank se verklaarde beleid om die netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta stelselmatig af te sluit. Die netto oorverkoopte posisie word as 'n swak punt van die rand beskou, en het tot negatiewe sentiment teenoor die geldeenheid bygedra. Daar word egter ook besef dat as die netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta té vinnig verminder word, dit tot die depresiasie van die rand kan bydra. Die Bank het gevolglik op 14 Oktober 2001 in 'n verklaring aangekondig dat hierdie posisie uit die kontantopbrengste van die regering se buitelandse lenings en privatisering verminder gaan word. In ooreenstemming met hierdie oogmerk het die Bank die netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta tot VSA\$1,8 miljard teen die einde van Julie 2002 verminder. Teen hierdie vlak behoort dit nie meer as 'n oorsaak van kwetsbaarheid beskou te word nie.

Finansiële bestendigheid

Binnelandse finansiële bestendigheid is ook gedurende die afgelope jaar deur internasionale gebeure beïnvloed. Die aanvalle op die Verenigde State van Amerika op 11 September 2001 het 'n enorme sistemiese risiko vir internasionale finansiële stelsels sowel as die sleutelrol wat sentrale banke onder sulke omstandighede moet speel, aangedui. Toenemende internasionale verbintenisse tussen finansiële stelsels dra tot die risiko weens sulke gebeure by. In die besonder stel handels- en finansiële bande Suid-Afrika aan die uitkrinteffek van onlangse ongunstige gebeure in Zimbabwe bloot. Dit word fyn deur die Bank dopgehou.

In die binneland is die Suid-Afrikaanse banksektor gekenmerk deur 'n konsolidasieproses wat teruggevoer kan word na die probleme van sommige kleiner banke gedurende die afgelope jaar. Hierdie neiging het in momentum toegeneem na die aankondiging dat Saambou Bank Beperk, Suid-Afrika se sewende grootste bank, vanaf 9 Februarie 2002 onder kuratorskap geplaas is. Die gevolg was groot onttrekkings van deposito's in die algemeen by kleiner banke en in die besonder by BoE Bank Beperk. Dit het die Reserwebank genoop om proaktief leiding met die oplossing van hierdie probleem te neem, wat tot 'n ooreenkoms tussen die openbare en privaatsektor oor die hersirkulering van kontantvloei en die ordelike uittrede van Saambou Bank uit die bankstelsel gelei het. Die bedrywighede van Saambou Bank en BoE is later met dié van sekere van die vier groot banke in Suid-Afrika saamgesmelt. Die likiditeitsprobleme van sekere kleiner banke het hulle genoop om hul registrasie as banke te kanselleer en slegs op hul nisbedrywighede te fokus. Ander kleiner banke is besig om hul eienaarsbelange te

heroorweeg en in sommige gevalle hul balansstate te verklein.

Ten spyte van hierdie ontwikkelings, bly Suid-Afrika se bankstelsel kern-gesond. Binnelandse banke word goed bestuur en beskik oor gesofistikeerde risikobestuurstelsels en korporatiewe beheerstrukture. Banke is behoorlik gekapitaliseer en het teen die einde van Junie 2002 'n gemiddelde risikogeweege kapitaaltoereikendheidsverhouding van 12,1 persent gehad. Die likiditeit van die banksektor is oor die algemeen toereikend. Nie-presterende lenings het R26 miljard in Junie 2002 beloop. Dit verteenwoordig slegs sowat 3 persent van totale lenings en voorskotte. Banke se voorsiening vir nie-presterende lenings is ook in pas met internasionale standaarde.

'n Enkele toesighoudingsowerheid

Die probleme wat die banksektor vroeër vanjaar ondervind het, het uitdruklik benadruk hoe belangrik dit is dat banktoesighouding in Suid-Afrika 'n deel van die verantwoordelikhede van die Reserwebank moet uitmaak. Hoewel die potensiële voordele om die risikobestuurfunksies van finansiële konglomerate op 'n holistiese basis te takseer vir ontwikkelde lande baie aantreklik is, het ondervinding in Suid-Afrika geleer dat banktoesighouding nou by ander funksies van die Reserwebank ingeskakel is. Ten tye van die onlangse likiditeitsprobleme van sekere klein banke, was dit opnuut duidelik dat die laagstekoste-oplossing van 'n bankkrisis altyd van 'n spesiale kollegiale verhouding tussen die Registrateur van Banke en ten minste vier ander departemente van die Bank afhanklik is. Die beleidsformulering, besluitneming,

koördinasie en vinnige uitvoering van die groot aantal ingrypings wat nodig was, sou nouliks moontlik kon wees as die toesig oor banke nie 'n funksie van die Bank was nie.

Banktoesighouding as 'n funksie van die Reserwebank lei tot baie probleme en frustrasies en die versoeking is groot om hierdie verantwoordelikheid na 'n ander liggaam oor te dra. Die vermoë om doeltreffend oor banke toesig te hou, is egter deurslaggewend vir prys- en finansiële bestendigheid. Na deurdagte oorweging van hierdie kwessie, is ek derhalwe oortuig dat dit in die beste belang van die Suid-Afrikaanse ekonomie is dat banktoesighouding 'n verantwoordelikheid van die Reserwebank moet bly. Terselfdertyd besef ek ook dat daar noue samewerking tussen die verskillende toesighoudingsowerhede moet wees om gekonsolideerde toesighouding te verseker. Met hierdie doel voor oë is dit noodsaaklik dat daar samewerkings-ooreenkomste tussen die verskillende toesighouers opgestel moet word.

Regulering van die bankstelsel

Verskillende benaderings tot die hantering van banke se likiditeitsprobleem het aanleiding gegee tot heelwat onsekerheid oor die beginsels wat vir die regulering van die bankstelsel geld. Dit beklemtoon opnuut dat die toepassing van hierdie funksie so deursigtig en sakegerig as moontlik moet plaasvind. Die oogmerk van banktoesighouding is om bestendigheid, doeltreffendheid en die beskerming van deposante in die bankwese te verseker. 'n Bestendige finansiële omgewing is noodsaaklik vir die funksionering van die ekonomie en om prysstabiliteit te bereik.

Die registrasie van banke is die eerste stap ter bereiking van bestendigheid in die bankstelsel. Bestendigheid word bevorder deur die toetrede van aansoekers met moontlik destabiliserende swakhede tot die stelsel te verhoed. Wanneer besluit moet word of 'n banklisensie aan 'n aansoeker toegestaan sal word, word die instelling se sakeplan, aandeelhoudingstruktuur, kapitaaltoereikendheid, direksie en senior bestuur, interne beheermaatreëls en verwagte finansiële toestand beoordeel.

Sodra 'n bank gevestig is, moet dit aan deurlopende toesig onderwerp word om te verseker dat dit kerngesond bly. Hierdie toesighoudingsproses behels 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe beoordeling van die bank se stand van sake. Die kwantitatiewe beoordeling bestaan uit 'n maandelikse ontleding en taksering van bepaalde risikogebaseerde finansiële inligting wat van banke ontvang word om vas te stel of hulle binne voorgeskrewe perke bly en of hul finansiële posisies binne aanvaarbare norme is. Die kwalitatiewe beoordeling het te make met die ontleding en taksering van risikobestuur. Hierdie beoordeling word binne 'n raamwerk van korporatiewe beheerstrukture gedoen.

Ten spyte van die toesighouers se beste pogings om 'n gesonde bankstelsel te verseker, kan hulle nie ten alle tye die veiligheid van fondse by en 'n gesonde finansiële posisie van enige individuele bank waarborg nie. Indien 'n bank probleme ondervind, word spesiale gebeurlikheidsmaatreëls toegepas. Die algemene benadering tot die verlening van finansiële bystand aan banke in nood is dat die likiditeitsprobleme slegs tydelik van aard moet wees. In teenstelling hiermee is die voorskrif dat 'n insolvente bank, of 'n bank wat langdurige likiditeitsprobleme ondervind, op 'n ordelike wyse uit die bankstelsel moet tree

met die minimum verliese vir deposante en met die kleinste moontlike skade aan die publiek se vertroue in die bankstelsel as geheel.

Spesiale stappe word gedoen wanneer 'n tydelike likiditeitsprobleem aan die lig kom. Omdat die omstandighede in elke geval verskil, kan die stappe van geval tot geval wissel. Moontlike oplossings kan wissel van die voorsiening van bykomende kapitaal deur aandeelhouders tot maatreëls wat daarop gemik is om groot deposito's te verkry en te behou. Hierbenewens kan die betrokke bank toegelaat word om likiditeit te verkry teen sy likiede bates as onderpand en deur minimum kontantreserwes te gebruik om kontantuitvloeiinge te dek.

Indien geeneen van hierdie maatreëls die likiditeitsprobleem van die bank in nood kan oplos nie, kan die Reserwebank, as lener in die laaste instansie, onder sekere omstandighede vir spesiale bystand genader word. Spesiale bystand word slegs met aanvaarbare bates van die bank as onderpand of met 'n regeringswaarborg toegestaan, omdat wetgewing die Reserwebank verbied om ongedekte lenings te maak.

Twee verslae wat handel oor die Bank se beleid en hantering van die oplossing van likiditeitsprobleme is gedurende die afgelope jaar gepubliseer. Die een verslag het oor die mislukking van Regal Treasury Private Bank Beperk handel. Die ander verslag was oor die finansiële bystandpakket wat Bankorp (en later Absa) in die laat 1980's en vroeë 1990's ontvang het. In laasgenoemde geval het die Davis-paneel bevind dat die hulpverlening 'n sistemiese risiko afgeweer het. Lede van die paneel het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die prosedure vir die hantering van banke in nood voldoende verfyn is en tans aan die beste internasionale standaarde voldoen.

Die Bank besef dat dit noodsaaklik is om die beskikbaarheid van basiese bankdienste en befondsing vir individue en klein- en mediumgrootte sakeondernemings uit te brei. Met hierdie doel voor oë is geregistreerde banke aangemoedig om sulke dienste te lewer en is sekere goedgekeurde nie-bank finansiële instellings soos *stokvels*, kredietunies en plaaslike finansiële dienskoöperasies van die bepaling van die Bankwet onthef mits hulle aan sekere ander voorwaardes voldoen. Stappe word tans gedoen om die Onderlinge Bankwet te hervorm om vir verskillende tipes banke voorsiening te maak. Die Bank ondersteun ook alle inisiatiewe wat daarop gemik is om ewewig tussen sosiaal toerekenbare gedrag deur banke en die beskerming van die bestendigheid van die bankstelsel te bereik.

Interne administrasie

Teen die agtergrond van die noodsaaklikheid om oorkoepelend finansiële bestendigheid te handhaaf, is 'n Departement Finansiële Bestendigheid in die Reserwebank tot stand gebring. Die nuwe departement is verantwoordelik vir die identifisering en ontleding van en navorsing oor moontlike bedreigings en swakhede in die finansiële stelsel en vir beleidsvoorstelle om die bestendigheid en doeltreffendheid van die finansiële stelsel aan te moedig en te verbeter.

Ander administratiewe veranderinge in die Bank behels onder meer die vestiging van 'n Oor-die-toonbank Aandeeloordrag-fasiliteit vir die verhandeling van die Bank se aandele, in die lig van aandeelhouders se besluit om die notering van die Bank se aandele op die JSE Sekuriteitebeurs SA met ingang van 2 Mei 2002 te beëindig; die ontwikkeling van Bank-wye bedryfvoortsettingsbeplanning om te verseker

dat die Bank in die geval van enige belemmering of ramp sy bedrywighede sal kan voortsit en sy verpligtinge nakom; verskeie inisiatiewe op die terrein van inligtings- en kommunikasietegnologie om kostes te verminder en doeltreffendheid te verhoog; die implementering van die Bank se nuwe bestuurstelsel vir grootmaatkantant (Projek Imali); en die ontwikkeling van nuwe sekerheids-eienskappe vir die huidige reeks banknote (Projek Bataki).

Goeie vordering is ook met die vermindering van vereffeningsrisiko in die betaalstelsel gemaak toe ooreenkomste met die betalingsklaringshuise gesluit is. Na deeglike oorleg met banke vind vereffening nou oor die algemeen op dieselfde dag plaas. Bevredigende vordering ter ondersteuning van ekonomiese integrasie in die streek is deur die Komitee van Presidente van Sentrale Banke in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap gemaak. Voorts was die Bank ook deur sy deelname in die Vereniging van Sentrale Banke in Afrika betrokke by inisiatiewe om nouer monetêre en ekonomiese samewerking in Afrika te vestig.

In ooreenstemming met die oogmerk om die samestelling van die Bank se personeel meer verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling van die land te maak, is 'n belangrike mylpaal gedurende die afgelope finansiële jaar bereik toe die totale aantal swart personeellede op die diensstaat vir die eerste keer sedert die Bank se stigting in 1921 meer as die getal wit personeellede was. Dit bevestig die Bank se verbintenis om sy oogmerke vir personeeltransformasie te bereik. Verdere pogings sal aangewend word om voldoende rasse- en geslagsverteenvoording op alle senioriteitsvlakke te bereik. Die Bank se oogmerk is om die diversiteit en eenheid van Suid-Afrika te weerspieël.

Die uitbreidings aan die Bank se hoofkantoorgebou wat in 2001 'n aanvang geneem het, vorder na wense en sal teen 2003 voltooi word. Na voltooiing sal die gebou in die Bank se behoefte aan bykomende kantoorruimte en parkeer- en konferensiefasiliteite voorsien. Die konferensiefasiliteite sal ook vir gebruik deur die publiek beskikbaar gestel word, wat tot die verbetering van bedrywighele in Pretoria se sakekern sal bydra.

Dankbetuigings

Al hierdie veranderings om die gladde werking van die Reserwebank te verseker, kon nie sonder die hulp van 'n aantal mense en instansies bereik word nie. Ten slotte wil ek dus my waardering uitspreek teenoor almal wat die afgelope jaar tot die sukses van die Reserwebank bygedra het

om uitdagings die hoof te bied. Ek betuig graag my dank aan die Presidensie in die besonder, die regering oor die algemeen en die Parlement vir hul ondersteuning van die werk van die Reserwebank.

Daarbenewens wil ek die Reserwebank se Raad van Direkteure, insluitende die visepresidente, vir hul toewyding en onverdeelde lojaliteit bedank. Mnr J H Cross, die Senior Visepresident, het aan die einde van sy termyn die diens van die Bank om gesondheidsredes verlaat en mnr I J Moolman het afgetree. Hulle het albei 'n waardevolle bydrae tot die werk van die Bank en van die Raad van Direkteure gemaak, waarvoor ons diep dankbaar is. Laastens wil ek die personeel van die Reserwebank vir hul professionalisme, uitstekende werk en volgehoue lojale ondersteuning bedank.